## BOEKBESPREKING

*Christian Higher Education: The contemporary Challenge. Proceedings of the First International Conference of Reformed Institutions for Christian Scholarship* (Potchefstroom, 9—13 September 1975), Potchefstroom 1976. Verkrygbaar teen R10 by die IBC, PU vir CHO, Potchefstroom.

Om 'n beoordeling te gee van hierdie bundel met 35 verskillende verhandelings is vrywel onmoontlik. Onder die algemene noemer van Christian Higher Education kan inderdaad alles saamgevat word, maar inherent staan jy voor 'n uiteenlopende variasie.

Daar word gehandel oor ,*The Idea of Christian Scholarship*' (H. Hart), oor ,*The Christian in the secular University*' (W. Stanford Reed) en oor ,*Academic freedom in Christian perspective*' (W. van 't Spijker; F. M. Potgieter). Daar is waardevolle en interessante oorsigte gelewer oor die situasie in Japan (T. Kodera; R. Hashimoto; S. Tokunaga), Indonesië (A. H. Nichols), Korea (J. Sung Rhee), die Latynse lande (S. H. Rooy), die Britse eilande (M. Russell), Amerika (J. C. van der Stelt), Nieu-Seeland, Australië en die eilande van die Stille Suidsee (S. Fowler), Afrika (B. Kato) en Suid-Afrika (J. H. Coetzee). Daar was wel ook 'n referaat gelewer wat blykbaar daarvan uitgegaan het dat al die hoorders filosofiese kameelperde was (N. Woltersdorff van Calvin College oor *Commitment and theory).*

Behalwe dat 'n mens soms die indruk kry dat daar soos op baie onthale te veel goeds in een opgedis word, is tog die totaalindruk: watter moontlikhede is daar nie nog en wat word daar nie baie gedoen in die wêreld nie (en ook gesukkel om iets reg te kry)! Daar is mense wat 'n soort Verelendungsteorie aanhang: alles word al slegter en slegter in die wêreld. Ek sou nie graag ontken dat daar ontsaglike gevare is nie. Daar kom ook onder die calvinistiese geledere 'n inbrekende apostasie voor. Daar is werklik geen rede vir optimisme nie. Netsomin is daar egter rede vir pessimisme. Orals word skouers teen die wiel gesit om 'n christelike opleiding te begin of voort te sit. Wêreldwyd ook in jong lande word gearbei aan die toerusting van die manne en vroue wat môre hul plek moet vol staan.

Terwyl die sendeling vroeër met sy skooltjie die enigste sleutelfiguur was, heers die oortuiging vandag dat in die gebiede van die jong kerke 'n volledig toegeruste onderwysaksie wat met mening gedra word deur 'n aanvaarding van die Skrif volgens gereformeerde belydenis.

Hier is dit egter waar die probleme opduik.

G. van Groningen van Jackson konstateer in hierdie verband ,a lack of solidarity among Christian scholars' (p. 198). Teologiese skole is soms baie keer geïsoleer van ander onderwysinstellings met ander fakulteite (p. 209). Van Groningen wys ook op die onvermoë van christelike geleerdes om 'n gemeenskaplike ontmoetings-, begin- en kontrolerende punt te vind (p. 198). Dit is nogal wat.

Kettery vorm 'n wesenlike gevaar. P. Courthial van Aix-en-Provence het gespreek oor: *Threats to the Christian character of the Christian institution.* Sonder om doekies om te draai het hy

gewys op die ondergang van Princeton (gestig in 1811) as gereformeerde instelling. Die name van Hodge, Benjamin B. Warfield en J. Grasham Machen was tog daaraan verbonde! Hy het ook gewys op die val van die Vrije Universiteit van Amsterdam (deur Kuyper gestig in 1880). ‚How could it arrive at the alarming stage where we find it today?' Hoe kon Saumur in Frankryk as gereformeerde instelling tuimel?

## 'n Uitstaande rede

Courthial het in sy ernstige en hoogstaande toespraak gewys op die onsigbare sataniese magte (Ef. 6 : 12), die invalspoort in onsself en die verlies aan homogeniteit van 'n christelike onderwysinstelling wanneer dit 'n huis word wat teen homself verdeel is. In hierdie verband het hy die noodsaaklike *korreksie* van mekaar, wat die Skrif van ons eis, genoem. As daar geen volharding is nie en laksheid praktyk word, ontstaan daar onverskoonbare *toleransie*. Met 'n valse beroep op *liefde* wat dan nòg liefde tot God, nòg liefde tot die broeders is, word die onderwys dan aan die vyand oorgelewer. Die valse leuse van akademiese vryheid sit verder 'n handjie by. ‚"The world" (in the sense of John) loves Number, Money, Science, Power, rather than God'. ‚Because of money christian institutions have lost their christian character because of compromises'. Hierdie woorde moet ons in Suid-Afrika terdeë ter harte neem! Hy wys verder op die ‚scientific fetishism'. (Die waarskuwings teen dergelike afgodery word telkens in hierdie boek herhaal!). Oor druk van buite af sê hy ‚the *exterior* threats could never efface the *Christian character* of the Christian institution. The only real threats against the Christian character of a Christian institutions are those which are born *inside*, those which involve the responsibility of the members themselves of this institution' (p. 44—56). Hierdie rede was een van die uitstaandes op die konferensie. Dit is die land van die Hugenote waardig dat so op die vermyding van kompromisse gewys is.

## Die PU op 'n kruispad?

H. Hart het op 'n probleem gewys wat die aandag van ons almal verdien. Hy het 'n opmerking by sy referaat gemaak oor die VU en die PU (Potchefstroom) wat opval. ‚Both are around a century old and both have problems. The former, after the height of self-confidence that marked the thirties, fell into an ideological vacuum which was (so it seems) recently filled by the left. It is consequently alienated from the latter, which is now in its period of over confidence and is consequently suffering from the over tight reigns of an established tradition' (p. 94). Wanneer ons die laaste opmerking laat vir wat dit werd is (word die Kuyperiaanse sisteem bedoel?), sit ons tog nog met die eerste opmerking: die verwyt van parade van die ‚mannen-broeders'.

Ons weet almal wat gevolg het op daardie Nederlandse parade: die ineenstorting van die kerklike, wetenskaplike en politieke lewe.

Ons in Suid-Afrika kan ons hieraan spieël. In hierdie verband is ook nog 'n ander opmerking van Hart belangrik: ,Big institutions are anti-normative in the contemporary context...' ,In my experience those limits have already been exceeded at the P.U.' As ek Hart reg verstaan loënstraf hy die mening van H. J. J. Bingle dat groot getalle slegs *organisatoriese* probleme skep.

Hart wys verder op dieselfde bladsy: Een van die grootste gevare van 'n christelike instelling is dat wanneer daar gepoog word om aan die moderne akademiese vereistes te beantwoord, daar geen tyd oorbly om uit te vind wat in werklikheid 'n eg-*christelike* akademie is nie (p. 96). Inderdaad, die eie karakter van 'n christelike instelling verg noukeurige en volgehoue aandag om 'n werklik christelike tradisie te skep. Massawerk bring altyd oppervlakkigheid met hom saam.

Ek het 'n keer hier in Pretoria die groot geleerde F. M. Th. Liagre Böhl ontmoet. Toe ek hom vertel het dat ek in die klein provinsie-stadjie Kampen gestudeer het, het hy my geantwoord: ,Mijnheer van der Waal, daarvoor moet u u nooit schamen. Mijn vader is in Wenen begonnen met een opleiding in een herenhuis'. Juis van 'n klein instelling kan 'n groot krag uitgaan. Oortuiging, gerigtheid, skoolvorming! Massaliteit het vrywel nooit 'n ,bulwark for the Kingdom of God' bevorder nie.

## Kerk en wetenskap, fundamentalisme, liberalisme

Z. Rittersma het verder gewys op die idool van om jou kerk (en belydenis) te skei van ons veld van wetenskap. Hy het in hierdie verband herinner aan die Oop Brief van L. Lindeboom wat in 1880(!) beswaar gemaak het teen die feit dat die V.U. wat op gereformeerde beginsels gefundeer sou word, nie die *belydenis* (en met name art. 27—32 NGB) as basis wou aanvaar nie (p. 110, 111). Hier word inderdaad 'n feit genoem wat hom vandag aan die V.U. wreek (dink aan die woorde van Courthial).

J. H. Kromminga noem *,The dilemma of fundamentalisme versus liberalism'* een van die valse dilemmas waarmee die christelike hoër onderwys gekonfronteer word. Die fundamentalisme kom met 'n simplifikasie en werp homself op as kampioen van christelike trou en suiwerheid, terwyl die liberalisme die opvoedkundige integriteit vir homself opeis. Hierdie dilemma is vals (p. 67). Ons wil daarby voeg: juis omdat ook die fundamentalisme nie die volle belydenis aanvaar nie, dog 'n opmerklike seleksie toepas en baie keer ook nog met sy ekstra-dogmas kom (bv. insake die eskatologie; vgl. die dispensationalisme en Hal Lindsey).

Beoefenaars van die Wysbegeerte der Wetsidee spreek soms van spesiale belydenisse vir opvoedkundige instellings. In 'n sekere sin het ons hier ook 'n soort fundamentalisme. As ons een ding uit die geskiedenis kan leer, is dit dat ons nie met 'n verkorte belydenis in see moet gaan nie, maar dat ons — om nog 'n keer Courthial aan te haal — die basis wat ons aanvaar het, ook insake die kerk, moet handhaaf.

Ons in Suid-Afrika word bedreig deur die Bybelkritiek wat probeer om in onderwysinstellings 'n vastrapplek te verkry. Is ons wel bewus van wat soms in hierdie opsig aan blank en bruin en swart tuisgebring word?

Die bydrae van my oudstudiegenoot Andree Troost wat aan die V.U. verbonde is, maar nie op die konferensie as afgevaardigde kon optree nie, oor die situasie in Europa, bied in hierdie verband 'n somber dog leersame prentjie. Sy opmerking moes indruk maak: ‚Calvinistic institutes and universities will do well to display some modesty and hesitancy when they present themselves as bulwarks of the Kingdom of God' (p. 358). In die lig hiervan waarskynlik, is titels van referate op die konferensie wat nog die term ‚bolwerk van die koninkryk van God' genoem het, daarsonder gepubliseer.

Nietemin moet ons in hierdie tyd skanse teen die magte van ongeloof en rewolusie bou. Die idee van outonome teorie (wetenskap) is een van die mees vereerde idole (weer daardie woord!) van hierdie eeu. ‚Ontelbare calvinistiese en ortodokse teoloë het hul wierook vir hierdie god gebrand om erkenning te kry in die wetenskaplike wêreld en die kerk' (Troost, p. 358). Ons roeping blyk hieruit duidelik.

Laat ons ook weer dink aan die primêre en sekondêre onderwys. As ons leer van christelike laer en middelbare skole in Australië (p. 342), vra ons ons af waar ons in Suid-Afrika bly. Waar is ons ‚parent-controlled Christian schools'?

Indien ons 'n suggestie vir 'n volgende konferensie en publikasie sou mag doen, wil ons vir oorweging gee dat onderwerpe gekies word waarin dieper ingegaan kan word op bepaalde probleme en by name op wat *die Skrif* oor hierdie probleme sê.

Die bundel is tegnies goed versorg en die prys redelik. Die ontwerp op die stofomslag wil ‚tyd en ewigheid' uitbeeld. Dit laat die vraag ontstaan of daar in óns ewigheid dan geen tyd is nie (vgl. Openb. 22 : 2)?

C. van der Waal, Pretoria.

*Loven en geloven.* Feesbundel ter ere van *prof. Nic. H. Ridderbos* by geleentheid van sy vyf-en-twintigjarige ampsjubileum (30/6/75). Ton Bolland-uitgewery, Amsterdam, 1975, 307 bls. R13,30.

Die titel van hierdie feesbundel is doelbewus aangesluit by 'n voordrag van prof. Ridderbos in 1970, getitel: „De plaats van het loven en van het bidden in het Oude Testament (n.a.v. Psalm 50 : 14, 15)". Hierdie titel is in 'n sekere sin tiperend van die benadering van hierdie bekende Ou-Testamentikus van die Vrije Universiteit te Amsterdam, wat onlangs geëmeriteer het. Hy sien 'n belangrike samehang tussen geloof en om God te loof. Prof. Ridderbos het veral belangrike werk aan die studie van die Psalms gedoen. Die oorwig van die bydraes van kollegas en medewerkers in hierdie bundel kom ook uit die Psalms.

Die boek begin o.a. met 'n tekening van prof. Ridderbos, gee

enkele biografiese mededelings en bevat dan sestien artikels. Dit gee ook 'n bibliografie van die jubilaris se vernaamste geskrifte. Die artikels in Loven en Geloven handel hoofsaaklik oor Ou-Testamentiese onderwerpe. Die bydraers is Gereformeerdes en ander vakgenote in Holland. Dit is 'n waardige feesbundel aan 'n waardige Ou-Testamentikus. Uit die aard van die saak is dit onmoontlik om al die bydraes te bespreek. Daarom word slegs die skrywers en titels vermeld en dan 'n enkele opmerking hier en daar gemaak.

— W. H. Gispen: Historiciteit en actualiteit van Abraham.
— A. R. Hulst: Abraham en de belofte.
— H. Leene: Denkt niet aan het vroegere: Methodologische overwegingen bij de uitleg van Jesaja 43 : 18a.
— J. L. Koole: De beeldenstorm van Deuterojesaja.
— N. A. Schuman: Gods gerechtigheid en de „wet" van de vangkuil (Psalm 7 : 11—17).
— A. S. van der Woude: Psalm 45 : 11—18: Ein neuer Interpretationsversuch.
— M. J. Mulder: Psalm 49 : 15 en 16: Twee problematische verzen.
— W. A. M. Beuken: God's presence in Salem: A Study of Psalm 76.
— C. Houtman: De jubelzang van de struiken der wildernis in Psalm 96 : 12b.
B. J. Oosterhoff: Het loven van God in Psalm 118.
— J. P. M. van der Ploeg: Psalm cxxxiii and its main problems.
— M. A. Beek: God loven met het lichaam.
— J. C. de Moor: The sacrifice which is an abomination to the LORD.
— M. H. van Es: Egyptische vroomheid: Enige beschouwingen over en naar aanleiding van een gebed uit de Ramessidentijd.
— Tj. Baarda: „Het uitbreiden van mijn handen is Zijn teken": Enkele notities bij de gebedshouding in de Oden van Salomo.
— H. Mulder: De letters XMΓ in steen en op papyrus.

*W. H. Gispen* wys tereg op die belangrike verband tussen historisiteit en aktualiteit. Dit is nie meer 'n onverskillige saak of Abraham werklik geleef het en of hy maar 'n figuur is in 'n verhaal wat net 'n sekere gedagte wil tuisbring nie. In dié verband wys Gispen ook op die groot betekenis van die verbond van God met Abraham. Dit bepaal vir altyd sy plek in die geskiedenis en sy plek vir ons. Gispen se aksent is belangrik vir die regte siening van die Ou Testament, nl. dat ons daarin met openbaringsgeskiedenis te doen het — 'n felt wat vandag oor die algemeen verwaarloos word.

*A. R. Hulst* wil graag kom tot 'n diepgaande „belofte-theologie", (teenoor verdienstelikheid) en in verband daarmee 'n „land-theologie", veral i.v.m. die hernude diskussies oor die woord b^e^rît. Dit moet volgens hom lei tot 'n heroriëntasie van die vrae oor verbond en wet.

*J. L. Koole* skryf oor Jesaja se afwysing van die afgodsbeelde en noem dit op sy tipies humoristiese en gevatte wyse: die beeldestorm van Deuterojesaja. Afgodsbeelde moes nadat hulle gemaak is, eers deur besweringsformules aan die betrokke godheid geheilig word, waarna dit deur die godheid deurtrek is. Koole noem dit hulle „transsubstansiasie"-beskouing! Lof aan God en spot van die afgode

is twee komplementêre groothede. So pas Koole sy bydrae organies in by Ridderbos se: „Die plek van loof en bid in die Ou Testament”.

*N. A. Schuman* behandel Ps. 1 : 11—17: die interessante probleem dat die goddelose enersyds homself onderploeg en dat God andersyds as oordelende regter tog die inisiatief het.

*M. J. Mulder* handel oor die betekenis van Ps. 49 : 15, 16: die probleem of daar volgens die Ou-Testamentiese opvatting ’n voortlewing ná die dood is of nie. Die negatiewe opvatting, soos veral uiteengesit deur C. Barth, het lank ongelukkig byna algemene aanhang geniet. Die positiewe uitsprake van Dahood het nou opnuut belangstelling vir hierdie onderwerp wakker geroep.

Hierdie is maar enkele van die prikkelende onderwerpe in hierdie lesenswaardige boek. J. L. H.

J. A. Heyns: *Die Kerk.* N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria, 237 blss., h.b., R4,95.

Die publikasie van ’n boek in Afrikaans oor „Die Kerk” is ’n belangrike gebeurtenis waarmee ons skrywer en uitgewer geluk wens. Die Afrikaner ken die woord „kerk” van kleinsaf en kom agter namate hy groter word dat die woord verskillende betekenisse het en dat hy werklik behoefte het om te weet wat „kerk” is. Teen hierdie agtergrond het ek die boek van Heyns gelees. In die werk kom daar oral mooi dinge na vore. Soms kan ’n mens met sy konklusies saamstem, soms plaas jy vraagtekens agter sommige. Waar hy eksegetiseer, bring hy soms pakkende gedagtes na vore. Hy sê die gelowiges is die liggaam van Christus en die feit dat hulle *in Christus* is, vorm die basis vir die „gestruktureerdheid” (51 v); elke lokale kerk is ’n openbaring van die universele kerk (170) ens. My probleem is egter dat hierdie uitsprake soms los en verstrooid lê tussen ’n menigte ander gedagtes en uitsprake.

’n Dogmatikus sal die werk waarskynlik anders lees en verstaan. Bloot uit ekklessiologiese oogpunt beskou, het ek egter probleme met die boek gehad. Ek vind dit moeilik om ’n geheel en logiese beeld van „die kerk” uit die werk op te diep. Vir my gevoel moes die eksegese wat eers op bl. 29 begin en die NT beeld van die kerk (p. 42) asook die wese en verhouding van universele en plaaslike kerk (169 v) die uitgangspunt of basis vir die beskrywing van die kerk gevorm het.

Die boek gee my die indruk dat hy deur twee outeurs gelyktydig geskrywe is: Heyns die filosoof en Heyns die teoloog. Dit is Heyns die filosoof wat van wal steek en telkens met begrippe, definisies, kategorieë en afleidinge die kerk beskryf. Die begrip „kerk” waaroor dit gaan, is nie eers duidelik omlyn nie. Gevolglik kom die begrip „kerk” deurgaans in verskillende betekenisse voor. So „staan” daar oral in die wêreld „kerke” en word daar „gelukkig . . . nog steeds kerke gebou”, terwyl op dieselfde bladsy gesê word dat die kerk Godswerk is (2) en die sigbare kerk Godsbewys is (stofomslag).

Na my mening opereer Heyns deurgaans met ’n gehipostateerde enkelvoud „kerk”. — Soms lyk dit asof „kerk” positiwisties een-

voudig op bestaande „kerke" slaan, soos waar hy skryf oor „God se één kerk en die mens se baie kerke" en „gemeenskappe of sektariese groeperinge wat nie aan die vereistes van die notae ecclesiae voldoen nie" (125). Deurgaans word van die „kerk" in die derde persoon enkelvoud gepraat asof dit 'n eenheid, 'n gepersonifieerde werklikheid is. En wat is dit? Die kerk het die taak om te getuig, hy het „sy boodskap", 'n taak teenoor „sy lidmate" ens. Dit kom my voor asof die kerk volgens Heyns daar is *voor* en buite die lidmate. Hierdie dualisme tussen „kerk" en „sy lidmate" (67, 97 ens.) is hinderlik. Die kerk moet „ernstig en toegewyd arbei aan die geloofslewe van sy Christen-lidmate... om hulle as Christene... uit te stuur" (99). Hier bereik die dualisme selfs die smaak van paternalisme (materialisme?) — en kom iets van identifikasie van die kerk met die ampte en kontras met die „leke" na vore. Om te praat van die kerk wat die Woord „tot 'n boodskap in die daad van sy verkondiging" maak (151), identifiseer tog kerk met die ampsroeping van persone (vgl. 2 Tim. 4 : 2 ens.). Heyns hanteer sy kerkbegrip derhalwe onkrities. Die oorwegende by Heyns as filosoof is 'n institusionele, gehipostateerde en gepersonifieerde kerk waarin die organisatoriese die dominerende begrip vorm.

Kerk en mense staan soms teenoor mekaar. God het „nie net oor die kerk besluit" nie, maar „ook oor mense besluit" (67). Bykans skokkend is die stelling: „Die kerk is nie oral daar waar sy lidmate aanwesig is nie" (24). Hoe kan opname in die liggaam van Christus „religieus-ontiese status" (58) verleen?

Dit is bykans onmoontlik om Heyns se kerkbegrip te omlyn. Hy begin met 'n dualisme tussen kerk en koninkryk (4 v). Die „gestaltes van die Woord" (8) veroorsaak 'n samekoms van „burgers van die koninkryk" wat 'n „vaste struktuur en orde" verkry en „hulle word lede van die organisasie". Sodoende definieer hy die kerk eintlik liturgies-kulties (23). Tegelyk aanvaar hy skynbaar soos Luther dat die organisatoriese „tydgebonde" is en gevolglik moet die kerk „sy eie organisasievorme" ernstig ondersoek (101). Na my mening dra die Wysbegeerte van die Wetsidee dan by om die kerk as een „gestalte" van die koninkryk te beskou. Die kerk kom dan horisontaal en kompartementeel naas die huisgesin, skool, sportklub, kultuurvereniging, staat ens. te staan (24). Die unieke en mistieke karakter van die kerk is daarmee verlore. Die sterk formele en institusionele eensydigheid is moontlik deur kollegialistiese invloede gestimuleer. Daarvolgens is dit maklik om „die kerk" as derde persoon enkelvoud, die genootskap as eenheid van gemeentes en die organisasie as voor en buite die mense te verstaan.

Heyns sou m.i. beter gevaar het indien hy die definisie van die kerk uit art. 27 NGb. geneem en vasgehou het. Hy kon ook groter oog gehad het vir die Konfessie wat die koninkryk van God as 'n *heerskappy* van God deur sy Woord en Gees verstaan en derhalwe nie kerk en koninkryk as vergelykbare groothede kontrasteer nie. Die koms van die koninkryk is immers om die kerk te bewaar en te vermeerder (H.K. 31, 48).

Uiteraard veroorsaak die filosofiese hantering van die kerk probleme om uitdrukkings te verstaan: „die kerk is teken van homself (26), „teken van die wêreld" (27), „self wêreld"; die kerk is „uitgeroep uit die sonde" en ook uitgeroep „uit alle volke" (45); die kerk is „solidêr met die wêreld", „solidêr met God" en vanweë laasgenoemde „krities-solidêr" teenoor die wêreld (102). Heyns wil seker nie soos K. Neurenberger e.a. die kerk met die natuurlike in stryd bring nie, want hy handhaaf etnisiteit as een van die vorme van kerklike verskeidenheid (127 v). Tog is dit nie duidelik waarin hy van derglike teoloë verskil wanneer hy „etniese partikularisme" afwys nie (46).

Die hantering van die kerk as derde persoon enkelvoud bring m.i. ook mee dat die begrip „kerk" die „gelowiges" verdring. Dit ontloop dan die spanning wat die appèl en imperatief „glo", „wees gelowig" en „wees kerk" vir die christen in die gewone lewe meebring. Die in die „wêreld wees, maar nie van die wêreld wees nie", is dan nie meer so 'n probleem nie, want die solidariteit van die kerk met die wêreld word filosofies gekonstateer. Ek het probleme om die volgende sin te verstaan: „Die kerk self, en nie individuele Christene nie, is subjek van die bevrydende handelinge waartoe die evangelieprediking steeds oproep" (107).

Met sommige van H. se stellings kan ek nie saam stem nie. Hy sê dat op sterkte van God se handelinge „word die kerk 'n institusionele grootheid in die maatskappy en alle spiritualiserende tendense met betrekking tot die kerk . . . word by die wortel afgesny" (50). Die kerkgeskiedenis leer egter dat juis menslike handelinge (bv. in die Middeleeue) die „institusionele grootheid" geskep het en die kerk sy geestelike karakter ontneem het sodat verwêreldliking ingetree het.

Heyns trek hom vanuit sy sterk institusionele en organisatoriese kerkbegrip die vraagstuk van die „eenheid van die kerk" (vgl. ook die inleidingsartikel) aan. Hy redeneer nie vanuit die eenheid in Christus nie, maar is op soek na organisatoriese eenheid wat uitdrukking moet vind, gedemonstreer moet word (129). Die vraag is of hierdie probleem organisatories aangepak moet word en of elke punt van verskil wat kerklike „eenheid" verhinder nie as 'n „waarheidsvraag" hanteer moet word nie. Dit is twyfelagtig of skematisme en die opskroef van die noemer „eenheid van die kerk" in die werklikheid vrug sal dra.

Graag wil ons weer benadruk dat die teoloog Heyns, veral waar hy eksegetiseer tussendeur mooi en behartingswaardige dinge oor die kerk sê. Die derde hoofstuk met die NT beelde oor die kerk, die ontleding van „gemeenskap", die bespreking van aspekte van die eienskappe van die kerk, die konfessionele karakter van die kerk ens. bevat verrykende gedagtes. Hy sê ook dinge wat 'n mens mag bevraagteken — tog roep Heyns as teoloog veel meer instemming as Heyns die filosoof oor die kerk op.

'n Mens moet waardeer dat Heyns aktueel wou wees. Hy handel daarom ook oor „kerk en volk" en „kerk en politiek". Daaroor sou uiteraard ook weer verskillend geoordeel kon word, veral wanneer

hy nie roeping nie maar die „staat" (wat die Britse gewere gemaak het) Suid-Afrika, as basis vir die „nasie" neem (211). Moontlik sal sy pleidooi vir die „kritiese funksie van die kerk" (215) met reg die vraag kan oproep wie is die kerk wat altyd bevoorreg is om te lei, altyd onderwys te gee, altyd te kritiseer — hierdie superstruktuur? Is dit die kerk in sinode of is dit die „kerk" wat deur die mond van „teoloë" of „leiers" praat soos ons dit vandag so dikwels in die politiek ontmoet? Kan ons sê: „Beide kerk en volk is gestaltes van die koninkryk" (216)?

Heyns het dus inderdaad 'n probleem gestel waaroor ons kan dink toe hy „die Kerk" aan die orde gestel het. B.S.

Prof. J. J. de Klerk: *Weldadigheid en Mededeelsaamheid.* 1977. N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria. 53 blss., s.b., R1,40.

Die skrywer beoog om „in kort trekke die kantoere aan te dui" waarlangs die barmhartigheidsdiens „in die kerk van die eeue en by name ook in die Ned. Geref. Kerk verloop het". Die skrywer begin met Christus (1) en die kader van die verbond (2). Hy beskou „Diakoniek" as objek van die barmhartigheidsdiens van die Christelike gemeente onder die amptelike leiding en deur middel van die diakens (3). Hierdie fundering toon hoe suiwer prof. De K. die probleem stel. Hy gaan uit van die barmhartigheid van God en stel dat die skepping die „volmaakte verkeersplek van die barmhartigheid" was (7). Kom barmhartigheid na die sondeval of uit die skepping tot openbaring?

Nietemin begin prof. De K. sy analise van die diens met die relevante OT-gegewens en die openbaring van God in Jesus Christus. Uit Hom vloei die wat, hoe en waar van die diens voort. Hy bespreek ook die werk van die Heilige Gees, veral t.o.v. die koinonia (14 v). Hy gee kursories aandag aan die historiese ontwikkeling van die diakendiens vanaf die vroeg-Christelike Kerk tot die WRK (20—30).

Dit is jammer dat prof. De K. nie blyke gee dat hy kennis geneem het van besinning wat oor hierdie onderwerp byvoorbeeld in studies van prof. J. C. Coetzee, ds. A. J. du Plessis e.a. in *In die Skriflig* verskyn het en studieneerslae wat voor die sinodes van die GKSA sedert 1964 gelê was nie. Ons teologie sal tog oneindig meer aktueel wees, wanneer ons van mekaar weet en vir mekaar tot ore en oë kan wees in ons teologiese besinning.

Indien prof. De K. kennis geneem het van wat in Geref. geledere gepubliseer is, sou hy moontlik meer versigtig gewees het om sommer op voetspoor van die Bevestigingsformulier te poneer dat die diens in Hand. 6 die „versorgers van die armes" aandui,[21] terwyl die Skrif daar tog baie duidelik van versorgers van die *tafels* praat.

Uiteraard spits die skrywer hom toe op die „barmhartigheidsdiens" in die Ned. Geref. Kerk (30—36). Heel kursories stip hy die botsing tussen NGK en staat oor die Kakamas-nedersetting aan en hy skroom nie om die sinodale „barmhartigheidsdiens" wat ten koste van die plaaslike kerk gedoen was, te kritiseer nie (33). Hy

dui ook in hierdie verband die spanning tussen plaaslike kerklike barmhartigheid en „toenemende klem op deskundiges van allerlei aard, die opgeleide maatskaplike werkers(sters), psigiaters, kliniese sielkundiges e.a." aan (34). Hy beweer dat daar tans 'n tendens tot reformasie na 'n tyd van verval merkbaar is (35).

In die slothoofstuk kom die „funksionering van die diakenamp in die moderne tyd" aan die orde. „Die wêreld van ons dag stel vrae oor die suiwerheid en die legitieme plek van die diakonale ampswerk. Diep onder die oppervlakte is dit die vraag na die ware Priestergestalte, die vraag na barmhartigheidsdiens van Jesus Christus. Die eensame en lydende mensheid wat bloei uit sovele wonde, soek na die Één . . ." (37). Tereg noem hy dat dit ook „ontmoeting" met die moderne wêreld is en moet geskied in kontras met die huidige tendens van „politisering" soos die teologie van die rewolusie met „steun" aan terroristebewegings probeer verseker (41). Sy standpunt oor 'n „politieke diakonaat" en 'n „eie kerklike diakonaat" oortuig nie heeltemal nie (43). Hy wys tereg op die gevaar van „burokratisering" van hierdie diens.

Prof. De K. trek stewige en suiwer prinsipiële lyne, al sou 'n mens nie in alles met hom saamstem nie. Te maklik kom hier en daar die neiging na vore om die abstraksie „kerk" na vore te skuiwe, sonder dat dit duidelik is wat presies daarmee bedoel word, bv. waar die kerk i.p.v. die gelowiges genoem word (2), gepraat word van lewe en diens van die kerk (3), „kerk en sy diakens" (47), en selfs gemeentes en kerke onderskei word (19). Hierdie bondige werk, waarskynlik die vrug van klaslesings, verdien die aandag van ons almal wat vandag met die diens van die diakens besig is. B.S.

*Die Ouderling op Huisbesoek:* „So sê die Here Here". T. G. van Wyk Drukkers (Edms.) Bpk., Posbus 1898, Pretoria.

Die pastorale werk en by name die huisbesoek is nog altyd tereg deur die Gereformeerdes beklemtoon. Die ouderling neem in hierdie noodsaaklike arbeid 'n belangrike plek in. Vir baie ouderlinge lewer die pastorale gesprek egter probleme op.

Die verskyning van „Die Ouderling op Huisbesoek" kan vir die ouderling in hierdie deel van sy arbeid tot groot hulp wees. Die doel van die boekie is immers om uit die Woord van God enkele riglyne aan die ouderlinge te bied om met die huisbesoek „die regte woord op die regte tyd te spreek". Dit bestaan uit ses dele wat oor verskillende aktuele onderwerpe handel, naamlik:

1. Daders van die Woord.
2. Die sakramente.
3. Die gebedslewe.
4. Geloofsgroei.
5. Onderlinge verhoudinge.
6. Eiewilligheid.

Elke deel bevat vyf stigtelike oordenkinge. Elke oordenking bevat die aanwysing van 'n bepaalde Skrifgedeelte waaruit 'n teks as die kerngedagte van daardie gedeelte verklarend en toepaslik

bespreek word. Vier predikante uit Gereformeerde gemeentes in Pretoria het hieraan meegewerk, nl. ds. A. Myburgh, dr. C. J. H. Venter, dr. C. J. Malan en ds. P. J. de Wet.

In sommige van die oordenkings kom daar ongelukkig uitdrukkings voor wat 'n mens wil bevraagteken. Is dit bv. juis om te sê soos ons op bl. 34 lees: „Omdat die moordenaar gebid het is hy gered?" Is daar nie 'n dieperliggende oorsaak vir sy redding nie?

Met hierdie opmerking bedoel ek geensins om afbreuk te doen aan die waarde van hierdie boekie nie. Ek is oortuig dat ons broeders ouderlinge dit met groot vrug kan gebruik en wil dit graag aanbeveel! Dit bied waardevolle riglyne vir die Skriflesing en gesprek by die huisbesoek. L. J. Botha.

Dr. C. J. Malan: *Soteriologie by Calvyn,* Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO, IBC, F 4 Calvyncauserieë nr. 6, 1977, 40 bls., s.b.

In hierdie werkie bespreek dr. C. J. Malan boeke en artikels oor die soteriologie by Calvyn, veral die werke wat handel oor die predestinasie. Hy ontleen die werke vir bespreking aan D. Kempff: *A Bibliography of Calviniana 1959—1974.* Veral Franse en Duitse werke word aangekondig maar nie bespreek nie omdat die skrywer dit nie kon bekom nie of in 'n taal geskrywe is wat dr. M. nie magtig is nie. Die Nederlandse en Engelse en enkele Duitse werke word kernagtig, duidelik, oorsigtelik en saaklik bespreek. Wie die besprekings raadpleeg behoort dadelik te kan oordeel of die bepaalde werk inligting wat verlang word bevat. Dr. Malan en die PU vir CHO moet gelukgewens word met hierdie werk en publikasie.

B. S.

A. J. du Plessis: *Obligasies,* KVV, PU vir CHO, Studiestuk nr. 2, Aug. 1977, 14 blss.

In hierdie referaat word die vraag gestel: *„Die nuwe skema vir die bemarking van verdedigingsobligasies — godverheerlikend of nie?* Die skrywer toon die konflik tussen kerklike en politieke standpunte aan en stel die verwarring binne en Afrikaanse en Engelse kerkgroepe ten toon. Hy wys op die devaluasie van Skrifbeginsels in geding. Hy toon oortuigend die inkonsekwensies in die owerheid se hantering van die saak aan, beoordeel die skema vanuit die christelike geloof en dui aan watter positiewe gesindheid met die wil om te „offer" uitgebou moes word. Hierdie studie, die taal en opset, is aktueel. B.S.

## OORSIG OOR TEOLOGIESE TYDSKRIFTE

### Geref. Theol. Tijdschrift. Jrg. 76, Nov. 1976, nr. 4:

Wie van kerkgeskiedenis hou, sal ongetwyfeld die artikel van dr. P. N. Holtrop: *Drie onbekende brieven van Hendrik de Cock uit het jaar 1834,* geniet. Drs. W. van der Meer bespreek die lofsang van Hanna uit 1 Sam. 2 : 1—10. Hierdie lofsang word in die nuwere teologie met name in die teologie van die rewolusie met groot instemming telkens weer aangehaal. God is „de partijganger der armen". Van der Meer trek mooi lyne vanuit 1 Sam. 2 na die NT en dan met name die Magnificat van Lukas 1 : 46 e.v., die Lofsang van Maria. Hy waarsku teen die tendens om die bybelse verkondiging te versmal. Die aksent val in die twee perikope uit die OT en die NT op God wat deur die Messias sy koningskap bring. Handhawers van eie krag word deur die krag van die koninkryk van God ontluister. Dit is die boodskap van Hanna en van Maria. Ons moet oppas, aldus die skrywer, om nie alleen die ryke, die man aan die top, die welgestelde te beskou as iemand wat homself wil handhaaf nie. Prof. David Bosch het iewers gesê: al staan God aan die kant van die verdruktes en die armes en die veronregtes, dit beteken hoegenaamd nie dat alle armes, verdruktes en veronregtes ook aan God se kant staan nie. Dit wil Van der Meer in sy artikel ook by sy lesers tuisbring.

### Herv. Teol. Studies. Jrg. 32, Afl. 3 en 4. Jubileumnr. vir prof. B. J. Engelbrecht:

'n Waardige huldigingsblyk aan prof. Engelbrecht. Prof. J. I. de Wet bring ons met sy artikel: *Die dienskarakter van die prediking,* op die terrein van die homiletiek. Prof. J. A. Heyns skrywe prikkelend en boeiend oor die verhouding kerk—koninkryk. 'n Mens het egter altyd moeite met die veelgebruikte woord „teken". Wat is die eintlike inhoud van die begrip „teken" en waar vind ons in die Skrif so iets soos die tekenkarakter van die kerk? Daar is m.i. tog 'n behoefte om hierdie begrip beter te omskrywe en aan te dui met watter inhoud die begrip ‚teken' gevul moet word. Persoonlik gee ek die voorkeur aan die begrip *paradigma,* hoewel hierdie begrip ook verkeerd geïnterpreteer kan word.

'n Baie insiggewende artikel is geskryf deur dr. J. H. Koekemoer: *Die analitiese filosofie en moderne teologiese strominge.* 'n Artikel van prof. J. P. Oberholzer: *Die soeke na 'n Bybelse teologie,* wys vir ons hoe ook in die Nederd. Herv. Kerk gesoek word na die juiste benadering van en die regte metode vir die beoefening van die openbaringsgeskiedenis. Prof. Oberholzer se artikel wys vir ons hoe belangrik dit is dat ons ons begrippe duidelik omskrywe. Wat is Bybelse teologie? Is daar ook 'n onbybelse of 'n buite-bybelse teologie? Wat is die verskil tussen aan die een kant Bybelse teologie en aan die ander kant 'n Ou-Testamentiese en 'n Nieu-Testamentiese teologie, wat deur prof. Oberholzer as Bybelse teologie aangedui word?

Ons sou liewer wou praat van Openbaringsgeskiedenis van die

OT en die NT. Dit is opvallend dat die skrywer in sy vierde riglyn vir 'n Bybelse teologie die sentrum van die Skrif nie wil soek in 'n idee nie, maar in 'n lewende verhouding tussen God en mens. Wie prof. J. L. Helberg se boeke oor die Openbaringsgeskiedenis van die OT lees, sal uitvind dat hy baie klem lê op die persoonlike karakter van die koninkryk van God. Die verhouding tussen God en mens is, aldus Oberholzer, 'n verhouding deur Christus heen.

Ook hier wil ek die opmerking maak dat ons kollega's buite die Geref. Kerk maar gerus kennis kan neem van wat deur ons mense geskryf word. Vrae wat in prof. Oberholzer se mooi artikel oorstaan, word duidelik beantwoord in die nuutste boeke van prof. Helberg.

Prof. G. M. M. Pelser lewer 'n boeiende bydrae oor die nagmaal by Paulus — geestelike voedsel en drank? Veral sy eksegese van 1 Kor. 12 : 13 is besonder insiggewend.

Prof. A. D. Pont bied 'n mooi bydrae oor: *Amp en roeping.* Luther, Calvyn en Bucer se ampsbeskouing kom hier onder die soeklig.

Dr. D. J. Smith soek na wat ons in die nuwe teologie positief kan waardeer en doen dan 'n oproep vir 'n Bybelse antropologie.

'n Bydrae op die vlak van die missiologie kry ons van prof. F. J. van Zyl: *Bekering van die heiden.* Dis goed om te lees hoe ook in die Ned. Herv. Kerk geworstel word met die sendingbevel en hoe daar gesoek word na 'n Bybelse fundering van die sending. Opvallend is dat die Boekbespreking byna geheel tot Nederlandse teologiese literatuur beperk is. Maar daar word dan ook deeglike besprekings aangebied. Dis jammer dat hierdie mooi uitgawe van Hervormde Teologiese Studies ontsier word deur 'n klomp drukfoute.

## Vox Reformata. Nr. 27, Nov. 1976:

Vox Reformata gee die inougurele rede van prof. R. O. Zorn aan die Teol. Skool van die Reformed Church in Australië. Hierdie rede handel oor die nuwe teologie. Prof. Van der Laan se intreerede word verder vervolg. Baie insiggewend is die boekbespreking van prof. Zorn waarin hy 'n goeie opsomming gee van die boek van J. S. Hielema: *Pastoral or Christian Counseling* en die werk van Jay E. Adams: *Pastoral Counseling.* L. Floor.